Hierdie dokument is opgestel deur ds. P J Kriel as konsep vir die Ring van Louis Trichardt se 29 ste gewone vergadering op 12 Augustus 2000. Dit is gedoen in opdrag van die Ringskommissie vir leer en aktuele sake. Die aanleiding tot hierdie konsepdokument was die Charismatiese en genesingsherlewing wat in die gemeente Messina plaasgevind het in die voorafgaande jaar. In hierdie genesings- en charismatiese herlewing is die gemeente ook blootgestel aan pelgrimstoere na die Nigeriese genesingsherlewings onder leiding van TB Josua.

## JESUS CHRISTUS EN GENESING.

### 1. Jesus Christus se menswording is eenmalig.

Jesus Christus se menswording en sy lyding en verheerliking is en bly 'n eenmalige wonder. *"[9] Ons weet dat Christus wat uit die dood opgewek is, nie weer kan sterwe nie; die dood het nie meer mag oor Hom nie. [10] Hy het gesterwe en is eens en vir altyd vir die sonde dood. Nou lewe Hy, en Hy lewe vir God."* (Rom.6) Jesus kan nie weer vir ons sondes sterf nie. Hy kan ook nie weer verheerlik word aan die regterhand van dieVader nie. Jesus se menswording was en bly eenmalig. Voor Hy in Maria geskep was, was Hy nie mens nie en na Hy uit Maria geskep is bly Hy vir altyd mens.

Hierdie menswording van God die Skepper is die wonder van die evangelie. *"[1]In die begin was die Woord daar, en die Woord was by God, en die Woord was self God. [2] Hy was reeds in die begin by God. [3] Alles het deur Hom tot stand gekom: ja, nie 'n enkele ding wat bestaan, het sonder Hom tot stand gekom nie. ... [14] Die Woord het mens geword en onder ons kom woon. Ons het sy heerlikheid gesien, die heerlikheid wat Hy as die enigste Seun van die Vader het, vol genade en waarheid."* (Joh. 1 )

Hierdie wonder is ook die wonder van sondaars se verlossing: *"[5] Nog nooit tevore in die geskiedenis is die geheimenis aan die mensdom bekend gemaak soos God dit nou deur die Gees aan sy heilige apostels en profete geopenbaar het nie. [6] En dít is die geheimenis: deur die verkondiging van die evangelie en in hulle verbondenheid met Christus Jesus, word ook mense wat nie Jode is nie, saam met ons deel van die volk van God en lede van die liggaam van Christus, en kry hulle ook saam met ons deel aan wat God belowe het. [7] Van hierdie evangelie het ek 'n dienaar geword, 'n voorreg wat God in sy genade aan my gegee het deur sy krag in my te laat werk."* (Ef.3)

Deurdat ons ingelyf word by Christus as mens in die hemel, deel ons in die wonder dat ons met God versoen is al is en bly ons sondaars. Op hierdie wyse deel ons dan ook in die menswording van God: sy mensheid is ons mensheid: *"[20]Ons smeek julle namens Christus: Aanvaar die versoening met God wat Hy bewerk het! [21] Christus was sonder sonde, maar God het Hom in ons plek as sondaar behandel sodat ons, deur ons eenheid met Christus, deur God vrygespreek kan wees."* (2 Kor. 5)

### 2. Tekens van die verlossingswonder.

Alle wonderdade wat met Christus se koms gebeur het en wat Hyself ook gedoen het is tekens van hierdie verlossingswonder: God het mens in ons plek geword en ons word met Hom as mens in die hemel verenig. Al die wonderdade van Jesus Christus is bedoel om die vraag te antwoord: "Wie is Hy?" *"[24]Toe staan Hy op en bestraf die wind en die golwe. [25] Hulle het bedaar, en daar het stilte gekom. Toe sê Jesus vir hulle: "Waar is julle geloof dan?" Maar hulle was verskrik en verbaas en het vir mekaar gesê: "Wie is Hy tog? Hy gee bevele aan wind en water, en hulle is aan Hom gehoorsaam!""* (Lukas 8)

Dit is wat gelowiges in die wonders van Jesus Christus raaksien: hulle sien in sy dade dat Hy as mens werklik God is en vir ons die verlossingswonder bewerk deur in ons plek mens te wees: *“[30] Jesus het nog baie ander wondertekens, wat nie in hierdie boek beskrywe is nie, voor sy dissipels gedoen. [31] Maar hierdie wondertekens is beskrywe sodat julle kan glo dat Jesus die Christus is, die Seun van God, en sodat julle deur te glo, in sy Naam die lewe kan hê.”* (Joh.20)

Die wonders het geen ander doel as om Christus bekend te maak as die Seun van God nie. Daarom het hierdie tekens met sy menswording gepaard gegaan – om ons te wys dat hierdie mens is die Skepper self.

## 3. <u>Die wondertekens van Jesus is nie ’n alternatief op die wonder van God se voorsienigheid nie.</u>

Wat is die voorsienigheid van God?

*“Vraag 27: Wat verstaan jy onder die voorsienigheid van God ?*
*Antwoord: Die almagtige en oralteenwoordige krag van God, waardeur Hy hemel en aarde en alle*
*skepsels asof met sy hand nog onderhou en so regeer dat lower en gras, reën en droogte,*
*vrugbare en onvrugbare jare, voedsel en drank, gesondheid en siekte, rykdom en armoede*
*en alles ons nie per toeval nie maar uit sy vaderhand toekom.”* (Heidelbergse Kategismus [HK].)

Paulus beskryf die voorsienigheid van God in Romeine 1: *“[19] Wat ’n mens van God kan weet, was immers binne hulle bereik, want God het dit binne hulle bereik gebring. [20] Van die skepping van die wêreld af kan ’n mens uit die werke van God duidelik aflei dat sy krag ewigdurend is en dat Hy waarlik God is, hoewel dit dinge is wat ’n mens nie met die oog kan sien nie. Vir hierdie mense is daar dus geen verontskuldiging nie, [21] omdat, al weet hulle van God, hulle Hom nie as God eer en dank nie.”*

In die wonderdade van Christus is daar nie ’n nuwe, anderste en spesiale krag werksaam as die krag waardeur God alles onderhou nie. Dit is juis die bedoeling van die tekens: dit wys presies dieselfde krag as wat in die skepping sigbaar en werkbaar is. Die enigste nuutheid in die werke is om te wys – dat Jesus Christus is die Here wat saam met die Vader alles onderhou.

## 4. <u>Wat sien gelowiges in die wondertekens?</u>

*“[10] Glo jy nie dat Ek in die Vader is en die Vader in My nie? Die woorde wat Ek met julle praat, praat Ek nie uit my eie nie; maar dit kom van die Vader wat in My bly en sy werke doen. [11] Glo in My omdat Ek in die Vader is en die Vader in My; of anders, glo op grond van die werke self.”* ( Joh. 14 )

Gelowiges sien dat Jesus en die Vader een is. In Jesus wat op die water loop sien hulle Hy is die een wat die waters op hulle plekke bo en onder die aarde versamel het. Dit is Hy wat alle reën en elke droogtes gee. In die vermeerdering van die brood sien hulle Jesus is die een wat ons al ons daaglikse brood gee. In die opwekking van Lasarus uit die dood sien ons Jesus is die Here wat elke vorm van lewe gee en onderhou en ook elke vorm van dood beskik. In sy genesings sien ons Jesus is die Here wat alle genesings van alle mense wat gesond word en ook die Here is wat elke siekte wat iemand tref, beskik.

In die wondertekens sien gelowiges dat Jesus die Here is wat ons in alles onderhou deur dieselfde krag waardeur Hy en die Vader alles gemaak het.

## 5. Wat sien ongelowiges in die wondertekens?

Ongelowiges sien God nie in sy voorsienigheid raak nie. Paulus sê dat God in elke deeltjie van die skepping sigbaar is: van die opkoms van die son tot die bot van ’n veldblom. Maar ongelowiges is blind. Hulle kan nie God se krag in sy voorsienigheid raaksien nie. Hulle verdraai sy krag tot beelde sodat hulle mag en beheer kan kry oor sy Naam en heerlikheid. Hulle sien net ’n geleentheid om goddelike kragte en magte vir hulle self toe te eien. *“20b Vir hierdie mense is daar dus geen verontskuldiging nie, 21 omdat, al weet hulle van God, hulle Hom nie as God eer en dank nie. Met hulle redenasies bereik hulle niks nie, en deur hulle gebrek aan insig bly hulle in die duister. 22 Hulle gee voor dat hulle verstandig is, maar hulle is dwaas. 23 In die plek van die heerlikheid van die onverganklike God stel hulle beelde wat lyk soos ’n verganklike mens of soos voëls of diere of slange. 24 Daarom gee God hulle aan die drange van hulle hart oor en aan sedelike onreinheid, sodat hulle hulle liggame onder mekaar onteer.”* (Rom.1)

Hierdie blindheid gaan nie weg as Jesus wonders doen nie. Dit spreek Jesus aan in Joh. 6: *“26 Jesus antwoord hulle: “Dít verseker Ek julle: Julle soek My, nie omdat julle die wondertekens gesien het nie, maar omdat julle van die brood geëet en versadig geword het. 27 Julle moet nie werk vir die voedsel wat vergaan nie, maar vir die voedsel wat nie vergaan nie en wat ewige lewe gee. Dit sal die Seun van die mens vir julle gee, want God die Vader het Hom die mag daartoe verleen.” 28 Hulle vra Hom toe: “Wat moet ons doen om te doen wat God van ons verlang?” 29 En Jesus antwoord hulle: “Wat God van julle verlang, is dat julle moet glo in Hom wat Hy gestuur het.” 30 Hulle sê toe vir Hom: “Watter wonderteken kan u doen sodat ons dit kan sien en in u kan glo? Wat gaan u doen? 31 Ons voorouers het manna in die woestyn geëet, soos daar geskrywe staan: Hy het aan hulle brood uit die hemel gegee om te eet.” 32 Jesus het hulle geantwoord: “Dít verseker Ek julle: Dit is nie Moses wat vir julle die brood uit die hemel gegee het nie, maar dit is my Vader wat vir julle die ware brood uit die hemel gee. 33 Die brood wat God gee, is Hy wat uit die hemel kom en aan die wêreld die lewe gee.””*

Ongelowiges wil nie sien dat Jesus die Here is wat alle lewe en dood in sy hande hou nie. Hulle soek net lewe. Hulle wil nie sien dat Hy die Here is wat alle reën en droogtes in sy hand hou nie. Hulle soek net reën en droogte soos dit hulle pas. Hulle wil ook nie sien dat Jesus alle genesing en siekte beskik nie. Hulle wil net gesond word. Maak nie saak hoe of deur wie nie! Wie en wat Christus is, sien hulle net so min as wat hulle die grootheid van God in sy voorsienigheid sien.

## 6. Jesus se genesings bring nie alternatiewe gesondmaking nie.

Die genesings van Jesus is nie ’n nuwe alternatief op God se voorsienigheid nie. God voorsien vandag o.a.deur dokters, medisyne en dieetkundiges. Jesus se wondergenesings is nie bedoel as ’n mediese of dieetkundige alternatief nie.

Daar is nie ’n ander Here of God werksaam in pynpille as in die genesing van die verlamde man nie. Daar is niks meer wonderlik en magtig in die genesing deur chemoterapie as in die genesing van die Romeinse offisier se slaaf nie. Daar is niks meer van God se krag werksaam in die genesing van die melaatses as in die inenting teen pokke, geelkoors en polio nie.

Daar is ook geen ander krag waardeur Hindoes, Moslems, Boeddhiste en ateïste genees word as deur die krag van Jesus Christus die Here nie. Dit is juis wat die

wondergenesing van die Romeinse offisier se slaaf wys: daar is net een Here van genesing in die hele skepping: Jesus Christus die Here.

Wie nie die krag en mag van Jesus Christus in inenting kan sien nie, sal ook nie die tekens kan sien vir wat hulle is nie: tekens wat wys God het in ons plek mens geword nie.

## 7. **<u>Gebed om genesing</u>.**

Jesus Christus het 'n omwenteling in gebed veroorsaak.

Na sy koms is daar nie meer regtig 'n manier van reg bid nie. Daarom sê Paulus in Romeine 8: *" [26] Die Gees staan ons ook in ons swakheid by: ons weet nie wat en hoe ons behoort te bid nie, maar die Gees self pleit vir ons met versugtinge wat nie met woorde gesê word nie. [27] En God, wat die harte deurgrond, weet wat die bedoeling van die Gees is, want Hy pleit, volgens die wil van God, vir die gelowiges. [28] Ons weet dat God alles ten goede laat meewerk vir dié wat Hom liefhet, dié wat volgens sy besluit geroep is."*

Die Evangelie is dat Christus self vir ons instaan en pleit by die Vader. Dit geld nie alleen vir ons verlossing nie, maar vir elke deel van ons lewe. *"[34] Wie kan ons veroordeel? Christus Jesus het gesterf, maar meer as dit: Hy is uit die dood opgewek, Hy sit aan die regterhand van God, Hy pleit vir ons. [35] Wie kan ons van die liefde van Christus skei? Lyding of benoudheid of vervolging, honger of naaktheid, gevaar of swaard?"* ( Rom. 8 )

Omdat die Here self vir ons nood instaan met versugtinge wat ons nie eers in ons self ken nie, is dit God wat alles vir ons ten goede laat meewerk. Daarom is daar nie in die Christelike godsdiens iets soos die regte manier om vir genesing te bid, die regte persoon om vir genesing te bid of die regte plek om te bid nie.

God weet wat ons nodig het en Hy antwoord ons volgens sy bedoeling om 'n Goeie Vader te wees, nie volgens ons bedoeling om goeie kinders te wees nie: *"[5] "Verder, as julle bid, moet julle nie soos die skynheiliges wees nie. Hulle hou daarvan om in die sinagoges en op die straathoeke te staan en bid sodat die mense hulle kan sien. Dit verseker Ek julle: Hulle het hulle beloning klaar weg. [6] Nee, as jy bid, gaan na jou kamer toe, maak die deur toe en bid tot jou Vader wat jy nie kan sien nie. Jou Vader wat sien wat verborge is, sal jou beloon. [7] "Wanneer julle bid, moet julle nie soos die heidene 'n stortvloed van woorde gebruik nie. Hulle verbeel hulle hulle gebede sal verhoor word omdat hulle baie woorde gebruik. [8] Moet dan nie soos hulle maak nie, want julle Vader weet wat julle nodig het, nog voordat julle dit van Hom vra."* ( Matt. 6 )

God sal die eenvoudige gebed van 'n kind wat in die stilte van sy kamer tot God bid nie minder verhoor as die gebed van 'n dominee op 'n kansel nie. Van spesiale plekke, persone of maniere van bid vir genesing is daar in die goedheid van God wat Vader is vir sy sondaar kinders geen sprake nie. Sulke gebede wat spesiale plekke, persone, tye en maniere eis, is die gebede van Fariseërs en heidene, nie van gelowiges nie.

## 8. **<u>Wonders wat uitkom en 'n valse godsdiens</u>.**

Die hele genesingsbeweging binne die kerk gaan gepaard met 'n verandering van die hele godsdiens, nie net van genesings nie. Saam met die genesingsbeweging kom nuwe maniere van bid, nuwe maniere van getuig, nuwe maniere van sing, nuwe maniere van glo en dien.

Die genesings dien gewoonlik om te wys dat omdat daar gepraat kan word van genesings en wonders – moet die nuwe godsdienstigheid wat voorgehou word die regte manier van godsdiens wees.

Teenoor hierdie mentaliteit waar getuienisse van genesings die bewyskrag is dat die nuwe godsdienstigheid reg en volgens God se wil is, staan die getuienis van die Skrif: *"[1] "Wanneer 'n profeet of iemand wat drome uitlê by jou kom en vir jou vertel van 'n teken of 'n wonder, [2] en die teken kom uit of die wonder vind plaas soos hy gesê het, en hy dan op grond daarvan vir jou sê: 'Kom ons gaan dien ander gode al het jy hulle nie vroeër geken nie, al het ons hulle nie vroeër gedien nie,' [3] moet jy nie na hom luister nie. Die Here jou God stel jou net op die proef om vas te stel of jy Hom liefhet met hart en siel. [4] Jy moet getrou bly aan die Here jou God en Hom eer, jy moet sy gebooie gehoorsaam en na sy bevele luister, jy moet Hom dien en aanhang. [5] Daardie profeet of droomuitlêer moet doodgemaak word, want hy het jou aangehits om in opstand te kom teen die Here jou God wat jou uit Egipte laat trek het en jou bevry het uit die plek van slawerny. Daardie man wil jou laat optree in stryd met die wil van die Here jou God wat Hy aan jou geopenbaar het. Jy moet hierdie soort kwaad tussen julle uitroei."* (Deut.13)

Genesings wat uitkom bewys geen godsdienstigheid reg nie. Drome en visioene wat uitkom maak geen godsdienstige lering waar nie. Dit is die teendeel. Die Here wat in Deut. 13 praat is niemand anders as Jesus Christus self nie. Hy en die Vader is een en dit is hoe Jesus self sy kerk beproef: om genesingswonders te laat gebeur deur mense wat ons van die Here wil weglei.

## 9. <u>Die herhaling van God se menswording as kern van die genesingsdwaling</u>.

Die kern van die moderne genesingsbeweging is 'n omkering van die menswording van Jesus Christus. In Jesus Christus het God mens geword. Dit sal nooit weer gebeur nie. Dit kan ook nie weer met iemand anders gebeur nie. Net in Christus het God en mens een persoon geword.

Ons verlossing is nie om dieselfde as Jesus deur te gaan nie: om net soos Hy ook mens en God binne-in onsself te word. Ons verlossing is om met Jesus wat vandag nog mens in die hemel is verenig te word. Ons eenheid met Christus is altyd met Hom na sy mensheid in die hemel. Dit is wat ons tog duidelik sien en beleef in die nagmaal: ons is een met sy liggaam en bloed as mens in die hemel!

Dit is die omkering in die genesingsbeweging: hulle leer 'n nuwe eenheid! Ons word met God verenig: ons gees en sy Gees word een Gees. Hierdie nuwe eenwording met God se Gees word as wedergeboorte voorgehou en is die kern van die Pinkster-beweging*: "Met die wedergeboorte ontvang die mens, naas sy ou vleeslike natuur, die hoëre en goddelike natuur van Jesus."* (AGS Dogmatiek bl.81)

Hierdie eenheid wat in die Pinksterbeweging gesoek word as die eenheid met die "hoëre en goddelike natuur van Jesus" word in die Skrif geleer as die moedersonde, nie as wedergeboorte nie: *"[4] Toe sê die slang vir die vrou: "Julle sal beslis nie sterf nie, [5] maar God weet dat julle oë sal oopgaan die dag as julle van daardie boom eet en dan sal julle soos God wees deurdat julle alles kan ken.""*(Gen.3)

As die eenwording van God en mens nou in ons plaasvind is dit nie meer 'n eenmalige gebeurtenis wat met Christus alleen plaasgevind het nie. Dit gebeur nou met elkeen wat "wedergebore" word.

Daarom is die genesings ook nie meer tekens dat Jesus alleen God en mens is nie. Dit word nou tekens wat wys dat ons dieselfde wonderkragte in ons kan hê en beleef as wat die Here in Hom as persoon gehad het. Alles word nou herhaal: sy genesings, sy uitstorting van die Gees, sy wonderdade. Alles wat Hy gedoen het, doen ons – want ons is ook soos Hy: een met God en Sy krag.

Dit is die krag van die woord "herlewing": alles wat Jesus was en met Hom gebeur het herleef nou in ons! Jesus is in hierdie genesings nie meer die een en enigste Middelaar nie. Sy plek word nou ingeneem deur 'n legio van mense wat hulle self sien en glo as rolmodelle waarin God se krag leef en werk – net soos Jesus.

In hierdie genesingsgeloof het die geloof van die kerk in die enigste Middelaar, Jesus Christus verdwyn. In die plek van die geloof in Jesus Christus kom 'n nuwe godsdiens van identifikasie met God. Dit is hierdie identifikasie met God wat elke deel van die Gereformeerde godsdiens vervang: sang, gebed, prediking, getuienis, gehoorsaamheid en toewyding.

Hierdie nuutheid word nie meer getoets aan die inhoud van die Woord van God nie. Die genesings dien as die onbetwisbare bewys dat God self hierdie nuutheid bewerk.

10.**Gelowig deur die Evangelie, nie genesings**.

Nog 'n motivering vir hierdie genesingsbeweging is dat hierdeur of hiermee saam bekerings sou plaasvind wat nooit andersins sou plaasvind nie. Die genesings word voorgehou as die wyse waarop mense die Evangelie sou glo wat andersins nooit geglo het nie.

Hierteenoor leer Jesus in sy eie woorde self in die vertelling van die ryk man en Lasarus: *"[27] Toe sê hy: 'Ek smeek u dan, vader, stuur hom tog na my pa se huis toe. [28] Ek het nog vyf broers. Laat hy hulle dringend gaan waarsku sodat hulle nie ook in hierdie plek van pyniging beland nie.' [29] Maar Abraham sê: 'Hulle het die woorde van Moses en die profete. Laat hulle daarna luister.' [30] Hy antwoord egter: 'Nee, vader Abraham, maar as iemand uit die dood na hulle toe gaan, sal hulle hulle bekeer.' [31] Maar hy sê vir hom: As hulle na Moses en die profete nie luister nie, sal hulle nie oortuig word nie al sou iemand uit die dood opstaan.""* ( Luk. 16 )

As iemand die prediking van Jesus nie glo nie, sal hy ook nie glo as daar genesings en wonders plaasvind nie. God werk die geloof in Hom nie deur wonders nie, maar deur die prediking van die Evangelie: *" [17] Die geloof kom dus deur die prediking wat 'n mens hoor, en die prediking wat ons hoor, is die verkondiging van Christus."* (Rom.10)

Die bekerings wat met hierdie genesingsbeweging saamgaan is juis net die teendeel van die bekering wat die Skrif vra as die toekeer tot Christus: *"[16] En tog weet ons dat 'n mens nie van sonde vrygespreek word deur die wet van Moses te onderhou nie, maar alleen deur in Jesus Christus te glo. Ook ons het tot die geloof in Christus Jesus gekom, en dit is hoe ons vrygespreek is: deur in Christus te glo en nie deur die wet te onderhou nie, want geen mens word vrygespreek op grond daarvan dat hy die wet onderhou nie."* (Gal. 2)

In hierdie genesingsbeweging het ons weer 'n herlewing van die wettiese vroomheid van die Fariseërs: ons word vergewe omdat ons tot bekering gekom het!

ds. PJ Kriel